



Oproep tot gebed vir Suid Afrika!
Woensdag 21 Julie 18:00

Ons pragtige land en sy mense beleef huidiglik baie pyn en hartseer. Groot dele van die land gaan gebuk onder 'n erge droogte. Ander dele is getref met 'n vlag van onrus, geweld, plundery en misdaad, terwyl die hele land al vir amper 500 dae die pyn en hartseer van die Covid 19 pandemie beleef. Saam met dit is daar nog baie ander negatiewe aspekte en uitdagings wat deel vorm van ons mense se daaglikse lewe.

In Matt 18:20 is die Here Jesus self aan die woord, “*Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, 20 want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.*”

Die Here Jesus gee vir ons in die gedeelte die opdrag om saam in gebed te verenig, twee of drie of meer. Hy gee die versekering dat Hy met ons is wanneer ons so saamkom om te bid. Hy verseker ons verder dat Hy ons gebede hoor, maar ook verhoor volgens Sy volmaakte wil. Die Covid 19 inperkings maak dit moeilik om in persoon saam te kan wees, maar ook dít verstaan God. Daarom roep Hy ons nou op om **in gees** saam te wees en saam te bid. Tegnologie maak juis dít vir ons moontlik; om op 'n digitale platform soos zoom, whatsapp ens saam te aanbid.

Gemeente van La Rochelle, kom ons verenig as gemeente saam in gebed op Woensdag 21 Julie om 18:00.

Wees kreatief en nooi medegelowiges en koördineer jou eie gebedsgeleentheid via sosiale media, bid saam met jou gesin of bid in die gees saam met medelidmate of skakel in by ons gemeente se zoom gebedsgeleentheid om 18:00 ()

Gebruik meegaande as riglyne vir julle gebed.

Ons dank en loof die Here...

- Roep die Here aan en erken Hom as die Almagtige, Drie-enige God.
- Dank en loof Hom vir wie Hy is en vir sy verbondenheid aan ons as gelowiges.
- Dank Hom vir die hoop wat hy vir ons gee in Sy Seun Jesus Christus.
- Dank Hom vir ons pragtige land en die voorreg wat ons het om hier te kan woon as sy kinders.
- Dank Hom vir die voorreg wat ons het om as gelowiges ook hier 'n verskil te kan maak.

Ons doen voorbidding vir ...

La Rochelle gemeente wil gehoorsaam wees en 'n verskil maak.

- Vra die Here om ons as gemeente te gebruik om 'n verskil te maak in ons gemeenskap, stad en in die land.
- Vra die Here om vir jou te wys waar jy 'n verskil kan maak in jou omgewing en in ons land.

Die droogte-geteisterde dele van die land

- Bid spesifiek vir die dele van die land wat deur 'n erge droogte geteister word – dele van die Karoo en Klein Karoo, Noord-Kaap en Oos-Kaap.
- Bid dat die Here reën sal stuur.
- Bid dat die boere sal moed hou en volhard.
- Bid vir dié gemeenskappe om verantwoordelik met die bestaande waterbronne om te gaan.

Onluste, plundery, misdaad en geweld.

Groot dele van KwaZulu-Natal en Gauteng is getref deur 'n vlaag van misdaad, onluste en plundery.

- Bid teen die gees van chaos wat daar heers.
- Bid vir wysheid vir die leierskap wat die situasie moet hanteer en bestuur.
- Bid vir die veiligheidsmagte (polisie, weermag, ens. wat dit moet hanteer).
- Bid vir die burgers van die omgewing wat getraumatiseer word deur hierdie gebeure, bid vir hulle veiligheid en voorsiening in hulle basiese behoeftes.
- Bid vir die eienaars en werkers van besighede wat geraak word deur die plundery en geweld.

Covid 19 pandemie

Ten spyte van alle ander uitdagings wat ons land trotseer, bevind ons onself nou al vir amper 500 dae midde in die Covid 19 pandemie en tans in 'n derde vlaag van infeksies.

- Bid vir die gesondheidsdienste en mediese personeel wat aan die voorpunt van die pandemie diens doen en mense moet behandel.
- Bid vir die inentingsproses dat dit effektief sal plaasvind.
- Bid dat die virus nie sal versprei nie en dat mense wat die virus opgedoen het, sal genees.
- Bid dat landsburgers erns sal maak met die vlak 4 maatreëls om sodoende die verspreiding van die virus te voorkom.
- Bid vir mense wat erg getraumatiseer is deur die effek van die pandemie, veral waar daar sterfgevälle was, werksverliese, eensaamheid, ens

Dankie dat jy deel was van hierdie gebedsinisiatief!